## VRAAG 1

## RIGLYNE

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande memorandum) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, soos **byvoorbeeld**:

1.1 **Dit was sterk skemer ...**
Hierdie onderwerp kan lei tot verskeie interpretasies wat onder andere **verhalend**, **bespiegelend** of **beskrywend** kan wees. 'n **Verhaal** sal op hierdie onderwerp as tema fokus. Die onderwerp kan ook tot 'n spannende verhaal lei. By 'n **bespiegelende** interpretasie kan die leerder die figuurlike skemerte in die mens se lewe bespreek. Indien die kandidaat skryf oor die belewing van die skemerte, kan dit as 'n **beskrywende** opstel aanvaar word. **[50]**

1.2 **Die anker(s) in my lewe**
Die kandidaat kan die ankers wat hy/sy kosbaar ag, **beskryf.** As **verhaal** kan die kandidaat skryf oor hoe 'n anker/verskillende ankers 'n verskil in sy/haar lewe/besluit gemaak het. Die kandidaat kan 'n **bespiegelende** opstel skryf waarin die emosies en sinsbelewing van die mens t.o.v. bepaalde ankers besin word. Daar kan ook **geargumenteer** word of dit steeds vir die deursneemens belangrik is om ankers te hê; argumente kan aangevoer word oor watter ankers die belangrikste is. **[50]**

1.3 **Weg met byname ... of nie?**
Hierdie onderwerp leen hom tot die skryf van 'n **argumenterende** of **beredeneerde** opstel waar die kandidaat hom/haar uitspreek of dit sy of haar reg of voorreg is om ander persone byname te noem of om deur ander op 'n bynaam genoem te word. In 'n **verhalende** opstel sal die kandidaat die gebeure wat gelei het tot die verkryging van 'n bynaam kan aanbied. Die emosies rondom die dra of invloed van byname kan ook in 'n **bespiegelende** opstel bespreek word. **[50]**

1.4 **Wanneer stiltes praat**
Die kandidaat kan 'n **beskrywende/bespiegelende opstel** aanbied oor 'n tyd van afsondering in stilte of gebeure/tonele oproep waar afsondering as 'n helingsproses gedien het. As **verhalende opstel** kan gebeure in 'n eilandsituasie of 'n tydperk van gevangeneskap vertel word. As **beredeneerde** of **argumenterende opstel** kan die kandidaat redeneer oor die meriete van absolute stilte of die nadeel daarvan. Is dit so dat selfs stilte soms 'n antwoord kan skree? **[50]**

1.5 **Mars, my (ons) nuwe woning(?)**
Die kandidaat kan die opstel as 'n **verhalende** opstel aanbied. Verhale oor gebeurtenisse of ervarings of handelinge wat die kandidaat ondervind het in die ruimtereis na Mars of die uitdagings om van Mars 'n woonplek te maak, kan vertel word. As 'n kandidaat 'n **beskrywende** opstel aanpak, kan handelinge of gebeure wat deel van die Mars-ervaring is, beskryf word. As **argumenterende** of **beredeneerde** opstel kan die kandidaat argumente of redes aanvoer waarom die verkenning van nuwe planete belangrik is, al dan nie. Die kandidaat kan ook **bespiegel** oor reise na vreemde plekke, soos Mars, en die gepaardgaande aanpassings. Mars kan ook simbolies van 'n vreemde, eksotiese woonplek wees. **[50]**

1.6

1.6.1 **Reistasse**
Die kandidaat kan 'n **verhalende** opstel skryf waarin hy/sy vertel van 'n reiservaring. In 'n **beskrywende** opstel kan die kandidaat skryf oor verskillende soorte reise, tasse (letterlik en figuurlik) of houers/sakke. As **bespiegelende** opstel kan die kandidaat besin oor die waarde van die lewensreis wat die mens onderneem. Die kandidaat kan ook oor die waarde van reis om jou lewensuitkyk te verbreed, **redeneer/argumenteer**. **[50]**

1.6.2 **Persoon vasgevang deur die beheer van iemand anders se hand**
'n **Verhalende opstel** kan die storie vertel van iemand wat jare lank deur ander gemanipuleer is/word (totdat die toutjies eendag geknip is). 'n **Beskrywende opstel** kan handel oor die gevaar daarvan as ander jou lewe beheer en hulle van jou 'n afdruk van hulle wil maak./insidente en/of mense wat jou in hulle mag vasvang. Kandidate kan **bespiegel** oor die grense van ander se invloed op jou lewe en hoe maklik jy die prooi van 'n manipuleerder kan raak, ook hoe jy 'n gevangene van jou eie doen en late kan wees. **Argumenterend/Beredeneerd** kan daar gekyk word na die gevaar van die invloed van ander mense op jou lewe en faktore wat jou na ander se pype laat dans. **[50]**

1.6.3 **Hande wat die aarde vashou**
In 'n **beskrywende opstel** kan die kandidaat op die skepping fokus op en/of aantoon hoe negatief/positief die mens se invloed daarop is./hoe daar tóg mense is wat alles in hulle vermoë doen om die natuur/die aarde te beskerm en te bewaar. Die kandidaat kan 'n **verhalende opstel** aanbied wat handel oor sy/haar bewuswording van die skoonheid in die skepping/agteruitgang in die natuur. Indien die kandidaat **argumenteer** oor moontlikhede om die aarde te red, kan die skryfstuk as 'n **argumenterende opstel** slaag. Daar kan ook argumenteer word dat die mens die oorsaak is van aardverwarming en die vreemde natuurverskynsels wat deesdae ervaar word**.** 'n **Bespiegelende** opstel kan die goeie en slegte tye van die mens se interaksie met die aarde bepeins. **[50]**

- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar in 'n formele register.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer se titel, voorletters en van moet gegee word. **[25]**

## 2.3 HULDEBLYK

Die kandidaat lewer 'n huldeblyk oor die persoon wat hom/haar finansieel/emosioneel/intellektueel in sy/haar skoolloopbaan ondersteun het. Dit moet dus duidelik blyk dat die persoon 'n belangrike rol in die spreker se lewe vervul (het). Die kandidaat kan verwys na sy/haar verbintenis met die persoon, die lesse wat hy/sy van dié persoon geleer en in watter mate die weldoener sy/haar lewe in 'n positiewe rigting gestuur het.

**Hou in gedagte:**

- Die volgende belangrike inligting word in ’n huldeblyk gegee:
  - naam en van van die weldoener.
  - gebeure en staaltjies oor die weldoener se bydrae word gegee.
  - persoonlike herinneringe kan gegee word.
- Die leser moet ’n duidelike beeld van die weldoener en sy dade kan vorm.
- Die styl moet by die geleentheid en die gehoor pas.
- Vermy sentimentaliteit.
- Gebruik kort, bondige sinne.
- Die inhoud van die huldeblyk moet in paragrawe aangebied word.

## 2.4 FORMELE VERSLAG

Die verslag fokus op die wie, wat, waar, wanneer en hoe asook die positiewe en negatiewe van die musiekkonsert wat by die skool aangebied is.

**Hou in gedagte:**

- Dink na oor 'n titel, inleiding (agtergrond, doel en omvang), die inhoudsgedeelte (Wie? Hoekom? Waar? Wanneer? Wat? Hoe?), samevatting/slot, aanbevelings, verwysings.
- Beplan, versamel en organiseer inligting; skryf oor feite.
- Gebruik semiformele of formele taal, register en styl.
- Die kandidaat kan gebruik maak van:
  - teenwoordige tyd;
  - selfstandige naamwoorde
  - die derdepersoon;
  - feitelike beskrywing;
  - tegniese woorde en frases; en
  - semiformele/formele, onpersoonlike taal **[25]**

